

"Where's Bostrom!?"

Stellenbosch is 'n tweede tuiste vir Christoph Sauser en oor die laaste paar jaar het hy en **Erik Kleinhans** baie goeie vriende geraak. Meer as dit, Susi, soos hy beter bekend staan, is ook Erik se oefenmaat, fietsry-mentor, afrigter en het ongelooflik baie vir sy loopbaan beteken. So toe daar gevra word of hul RECM-span hulself sal uitleen vir die ABSA Cape Epic om as ondersteuningspan vir hom en František Raboň te dien, was die antwoord maklik!

Saam met my en Nico Bell in die Specialized Internasionale kamp was 'n derde ondersteuningspan met Amerikaner Ben Bostrom, beter bekend vir sy loopbaan op 'n motorfiets waar hy sewe Superbike-oorwinnings ingesamel het. "It's not dangerous to go 330km/h because everyone else is also going 330km/h!"

Paolo Montoya wat vir Costa Rica in die 2012 Olimpiese Spele vir XCO verteenwoordig het was ook in die span.

Die Cape Epic is nogal 'n taamlike heftige uitstappie vir Specialized.

Dit wys jou net hoe ongelooflik belangrik die resies geword het vir die top spanne en ryers. Saam met die drie spanne kom daar natuurlik ook drie kampsers, drie werktuigkundiges, drie terapeute, 'n kok en 'n video-span van vier sodat Specialized ook hulle eie bemerking kan doen, asof die Cape Epic organisasie nie reeds genoeg media-blootstelling uitstuur nie!

Oor die jare, veral met die nuwe sirkelroetes, het die Cape Epic definitief meer tegniese en rowwer geraak. Die bergfietsryers is mal daarvoor, maar die risiko vir tegniese probleme is drasties verhoog.

As gevolg van 'n gebreekte raam moes Centaurion-Vaude hul voorsprong afstaan sonder 'n ondersteuningspan om te help. Die uiteindelik wenners, Topeak-Ergon, het so ampertjies die resies weggegooi op die einde met twee dae van meganiese probleme as Centaurion-Vaude nie so gaaf was om uit te help nie. Net so sou Sauser en Raboň heel moontlik nie so hoog soos tweede kon eindig as dit nie vir hul twee ondersteuningspanne was nie.

Gaan ons volgende jaar al die top spanne sien met ondersteuningspanne? Kan die top spanne nog die kans waag daarsonder?

Ek dink nie so nie. Dit maak nie sin dat enige span wat die Cape Epic ernstig opneem nie met ten



Die Epic wenners Topeak Ergon, Susi, Franti en Erik op die eindstreep in Lourensford

"DIT IS 'N ABSOLUTE WONDERWERK DAT DIE TWEE VAN HULLE NOOIT 'N UUR STRAF GEKRY HET OMDAT HULLE MEER AS TWEE MINUTE WEG VAN MEKAAR WAS NIE."

minste een, maar verkieslik twee ondersteuningspanne opdaag nie. In ons kamp het dit perfek gewerk. Terwyl een van die spanne 'n wiel moes afstaan aan ons spankaptein moes die ander span die wind breek en hulle help werk om terug te veg sodat daar so min as moontlik tyd verloor word.

Met al die fokus om die grootste bergfietswedren ter wêreld te wen, was Ben en Paolo ons daaglikse vermaak! "Where's Bostrom!?" met 'n Spaanse aksent het ons seker tien keer per dag uit Paolo se mond gehoor! So baie, dit het 'n algemene sarkastiese gesegde geraak elke keer as iemand vir Paolo sien. Dit is 'n absolute wonderwerk dat die twee van hulle nooit 'n uur straf gekry het omdat hulle meer as twee minute uitmekaar was nie. Ek en Nico het hulle altyd in die middel van nêrens gesien. Ons het al lankal vir Ben weggeroep dan sien ons vir Paolo êrens in die bos. Hoe



Paolo Montoya en Ben Bostrom saam vir 'n slaag...

hulle mekaar elke dag gevind het is 'n raaisel wat seker nooit opgelos gaan word nie!

Met dit alles kan mens niks wegneem van hulle toewyding om vir Susi en Franti te help nie. Ben is 'n vegan en hy ryk goed na wat hy eet. Vir die eerste vyf dae het hy omtrent nooit by 'n waterpunt gestop nie, net omdat dit te veel tyd vat en hy wil naby die voorste ryers bly om te kan uithelp indien nodig. Maar, alles het sy breekpunt! Op dag ses was Ben so gebreek, hy het in middagete ingevaar en enige iets waarop hy sy hande kon lê in sy mond geprop! Vegan? Watse vegan!

Die laaste dag was die kersie op die koek. Die spanbestuurders het seker gemaak almal is bewus van die verpligte stapsessie oor die historiese Gantouwpas. Maar vir een of ander rede het Paolo met sy gebroke Engels nie verstaan dat dit regtig verpligtend is nie. Hy het amper alles gery! Dit terwyl hy vir



RECM se **Erik Kleinhans** is een van Suid-Afrika se gewildste bergfietsjaers. Hy het sy vrou, Switserse marathonkampioen, Ariane, diep in die Kammanassieberge op die 2010 Cape Pioneer Trek ontmoet. Hy het vanjaar die Meerendal-Songo-Specialized span van Christoph Sauser en František Raboň in die Cape Epic ondersteun saam met Nico Bell. Volg hom op Twitter by @kleinhansmuesli of besoek sy webwerf: www.kleinhansmuesli.com.

die ander ryers skree om uit sy pad te kom en nie verstaan hoekom almal so onstelt is nie. Daarvoor het hulle wel 'n uur straf gekry! Volgens my was alles ten volle die moeite werd vir die genot wat hulle ons verskaf het gedurende die week. Ben en Paolo, my 2014 ABSA Cape Epic helde! **FS**